# Sekretaresse tree uit na 28 jaar van getroue diens



*Mev. Lien ee Wee voor haar lessenaar.*

**GEMSBOK/LOUISVALE: Frank Biggs I/S het afskeid geneem van 'n steunpilaar en 'n vrou met 'n passie vir haar werk in Lena (Lien) de Wee.**

Sy het as sekretaresse op 2 Maart 1987 by Frank Biggs begin tot en met haar bedanking op 30 Oktober 2015. Sy het haar werk met ywer en presiesheid gedoen en was 'n ware steunpilaar en die hartklop van die skool se administrasie.

"Ek wil dankie sê aan die personeel, skoolbeheerliggaam, leerders en die breë gemeenskap van Intermediêre Skool Frank Biggs, met wie ek vanaf 2 Maart 1987 vir 28 jaar saam in diens was en 'n goeie werksverhouding opgebou het. Baie dankie vir die belering wat ek by elkeen en selfs by die leerders ontvang het. Dit was vir my 'n groot plesier om diens aan die skool sowel as aan die gemeenskap te lewer en hulle was vir my my tweede familie," aldus Lien de Wee.

"Sy sal voorwaar gemis word en ek het haar manier van werk baie waardeer en was my staatmaker. Ons gun haar die rus om meer tyd te spandeer met haar familie en kleinkinders," aldus mnr. Wally Cloete (prinsipaal)

Haar leuse is eenvoudig: "Doen alles sonder murmurering en teëspraak."



*Mev. Lien de Wee ontvang 'n verrassingsbesoek van die prinsipaal van Topline Primêre Skool, mnr. Errrol Barties, op haar laaste dag van diens.*

# Uppies UNISA musiek eksamen



*Hoërskool Upington musiekleerders wat UNISA eksamens slaag is agter vlnr: Kaelene Hendrickse, Marina de Jong , Rozelle van Niekerk, Alicé Maritz en Sheli Arnon.*

*Voor: Valentia Mouton.*

**GEMSBOK-UPINGTON: Die jaarlikse UNISA musiekeksamens is onlangs afgelê en die Hoërskool Upington leerders het as volg presteer:**

Sheli Arnon slaag graad 5 klavier met eervolle vermelding, Rozelle van Niekerk slaag graad 5 klavier met eervolle vermelding, Alicé Maritz slaag graad 5 klavier, Marina de Jongh slaag graad 3 klavier,

Kaelene Hendrickse slaag graad 2 klavier met eervolle vermelding en Valentia Mouton slaag graad 1 klavier met eervolle vermelding.

Baie geluk aan die leerders met hulle pragtige uitslae.


## VAKATURES
### MARCHAND BOEREVERENIGING

Die Boerevereniging op Marchand het vakatures beskikbaar in die volgende afdelings:

**1. BESTUURDER (HALFDAG POS)**

Die suksesvolle kandidaat sal saam met die bestuur verantwoordelik wees vir:

- Daaglikse administratiewe bestuur van die boerevereniging;
- Toesig en onderhoud van terrein en geboue;
- Totale sekuriteit van geboue;
- Bemarking en verhuring van die saal;
- Aanbied van funksies asook toesig tydens die funksies in die saal;
- Die reël van die Marchand Fees.

'n Toepaslike salaris tesame met kommissie word as vergoeding aangebied.

**2. ALGEMENE WERKER**

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:

- Instandhouding en netheid van tuine, terrein en geboue.

'n Toepaslike salaris word aangebied.

Sluitingsdatum: 18 November 2015

Vir enige navrae, skakel vir
Giepie van Niekerk – 082 823 1272 of
Rousseau Koortzen – 072 820 6350.

Aansoeke kan gerig word aan Rousseau Koortzen – koortzen@lantic.net

Indien u 14 dae na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie kan u aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

## ASSISTENT - BESTUURDER
### Oranje Landgoed: Prieska

Oranje Landgoed, 'n top produserende 75ha Pekan- en Druiweplaas met 'n 4ha Pekankwekery, benodig die dienste van 'n Assistent-Bestuurder vanaf 1 Desember 2015. Die plaas is naby die dorp en teer pad geleë.

**Vereistes:**
- 'n Jong landboubestuurder met boomplaas en kwekery bestuursbelangstelling.
- Landboukwalifikasie is 'n vereiste.
- Rekenaarvaardig wees.
- Vertroud wees met die gebruik van besproeiings skeduleringsstelsels.
- Hardwerkend, absolute eerlikheid, betroubaar en goeie mense verhoudinge kan handhaaf.
- Passie vir Landbou

Die geskikte kandidaat sal aan die Bestuurder rapporteer.

**Vergoeding:**
Gekoppel aan die senioriteit van die pos.

Goeie kontakbare verwysings is noodsaaklik.

E-pos verkorte CV aan:
**jhmarshall@leapmail.co.za**

Ons kliënt 'n sterk markleier in verkope, verhuring en diens van swaar masjinerie, hoogte platvorms en bykomstighede beskik by hul Upington tak oor die volgende geleenthede en is opsoek na energieke kandidate om aansoek te doen:

## VELD DIENS TEGNIKUS
### (VERW. MEVD)

Ons wag op aansoeke van kandidate met 'n rooi seël kwalifikasie in "millwright" ondersteun deur 'n minimum van 3 jaar ondervinding in herstelwerke volgens MEPW standaarde. Verdere vereistes sluit in vermoë om akkuraat onder druk te kan funksioneer, algemene rekenaarvaardigheid, en 'n geldige bestuurslisensie.

Pligte sal ondermeer insluit die proaktiewe instandhouding van die masjinerie, daaglikse inspeksies, herstel van gebreke, verskaf van opleiding aan die operateurs en voorraadkontrole. Bereidheid om te reis is 'n voorvereiste.

## VERHURINGSKONSULTANT
### (VERW. MEVK)

Aansoeke word ingewag van kandidate met bo-gemiddelde menseverhoudinge ondersteun deur ten minste 2 jaar bewese interne verkoopsondervinding in 'n kliëntediens omgewing. Verdere vereistes sluit in goeie organiserings-, kommunikasievaardighede, vermoë om onafhanklik te kan funksioneer asook bo-gemiddelde rekenaarvaardigheid.

Pligte gaan ondermeer insluit alle administrasie t.o.v. verhurings, reël van instandhouding op verhuurde masjinerie, alle korrespondensie met eksterne verkoopsagente asook die interne telefoniese bemarking.

Daar word mededingende vergoedingspakkette aan beide poste gekoppel.

Stuur u CV met bogenoemde verwysings voor 20 November 2015 aan:

**ORFFER & VAN DER MERWE**
**HUMAN RESOURCE PRACTITIONERS**
E-mail: recruitment@ovdm.co.za
Faks: (054) 331-3338
www.orffervandermerwe.com

Indien u nie binne drie (3) weke na die sluitingsdatum gekontak word nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

DEWET NEL TRUST ENVIROAFRICA CC

## NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

### PROPOSED FILLING STATION ON PORTION 42 OF FARM ORANGE FALL NO 16, AUGRABIES, NORTHERN CAPE

Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation, process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment Regulations 2014. The proposed Augrabies Filling Station includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2014.

EnviroAfrica cc has been appointed by the Dewet Nel Trust, to undertake the NEMA Application for Environmental Authorisation process.

**Application for environmental authorization to undertake the following activities:**
Government Notice R983 (Listing Notice 1): Activity No. **14**
Government Notice R984 (Listing Notice 2): Activity No. N/A
Government Notice R985 (Listing Notice 3): Activity No. N/A
**Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified.*

**Project Description & Location:** It is proposed that a fuel filling station be constructed on Portion 42 of Farm Orange Fall No. 16, Augrabies.

It is proposed that fuel storage tanks with a volume not exceeding 500 cubic meters (500 000l) will be constructed. The filling station will also provide retail space, including space for a convenience store.
The site is located off the R359. Site co-ordinates: **28°38'22.30"S, 20°21'00.77"E.**

**Public Participation:** Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before **09 December 2015**. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details (*indicating your preferred method of notification*) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties.

Please note that only Registered I&APs:
- will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by the applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions;
- will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and
- will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority, together with an indication of where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135, Fax: 086 512 0154 /
Tel: 021 8511616 / E-mail: admin@enviroafrica.co.za)